

Vrydag 10 Junie

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14 (AFR53/AFR83)

Fokusgedeelte: Openbaring 5:9-10

Om in die koninklike amp strydend te wees en te bly

Om koning te wees, is 'n voorreg wat min mense beskore is. Tog bely ons dat elke gelowige wat in Christus deel het, priesters en konings gemaak is! Ons het dit nou net gelees. Dit laat mense dan dink wat die verantwoordelikheid van die amp van koning in die drieledige amp van die gelowige is. Die amp van koning in die Koninkryk van ons Here is 'n regerende amp. In die lig van die Kategismus ook 'n strydende amp waar ons nie net offensief en defensief teen die sonde, die duiwel, die wêreld en selfs ons eie sondige natuur moet veg nie, maar ook aktief, in die oorwinning van ons Koning, Jesus Christus, voortdurend aan hierdie stryd moet deelneem.

Ons moet besig wees om te regeer, want tot ons Here Jesus na ons terugkeer, bly ons in die ewige stryd teen die bose betrokke. Daarom moet ons ook die volle wapenrusting aantrek wat God aan ons gee (Ef. 6:11-17). Ons is die strydende kerk van ons Here! En strydend en regerend moet ons bly, want die duiwel en sy trawante gebruik dieselfde "strategie". Ons moet voortdurend waak teen waarsêers – "profete" wat vals optree en verwarring saai. Ons moet strydend bly teenoor "priesters" wat haat tussen Christene (en ander mense) aanblaas. Ons moet steeds opstaan teen outokratiese en heerssugtige "konings" wat hulleself ten koste van ander wil verryk.

Ons moet as konings saam met ons Koning bly regeer. Want daar wag 'n ewigheidsbelofte – "Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees. Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer" (Op. 22:4-5).

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)